Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 21 Mei 1952. Prys 3d. No. 25.

# GEBIEDSLEIERS ROEP OP TOT REORGANISASIE

**Mnr. J. G. S. Opperman, gebiedsleier van die Ossewabrandwag in Suid-Transvaal, het Die O.B. versoek om die volgende oproep aan sy offisiere en brandwagte bekend te maak. Sy oproep lui:**

„Ek versoek alle bevelvoerende offisiere in Gebied E om onmiddellik die uniale bevel 1/52, wat oor reorganisasie handel, uit te voer. Daar is drie jaar gelede laas gereorganiseer. Daarom moet die reorganisasie, ooreenkomstig die bevel wat u ontvang het dadelik deurgevoer word met die oog op die spoedige samestelling en saamroeping van die Grootraad en die Laertrek.

„Ek vestig die offisiere se aandag daarop dat die reorganisasie teen 30 Junie afgehandel moet wees. Daar moet dus sommer nou begin werk word.

**„In die toekoms sal alle bevele wat offisiere en brandwagte in my Gebied moet uitvoer en kennisgewings waarop hulle moet reageer direk deur my, in my hoedanigheid as Gebiedsleier, aan hulle gestuur word. En alle opgawes, naamlyste, ledegeld, geldelike bydraes, korrespondensie, ens. uit my Gebied moet voortaan direk aan my gestuur word. My adres is: J. G. S. Opperman, Posbus 10, Delmas.**

**„Die Ossewabrandwag het 'n groot en eervolle taak om vir ons volk te verrig. Dit is die herverkryging van die Republiek soos ons voorvaders dit gebou het. Elke lid van die Ossewabrandwag moet help om hierdie doel te verwesenlik. En elkeen se grootste bydrae en sy doeltreffendste hulp kan gelewer word as hy of sy op sy of haar aangewese plek sy of haar aangewese taak op gedissiplineerde wyse uitvoer.** Ek vra elkeen van my offisiere en brandwagte om so die stryd te voer vir God, Volk en Vaderland.

„Lank lewe die Ossewabrandwag!"

# NOG MEER NUWE INTEKENARE

**Ons het die afgelope week weer agt nuwe intekenare ontvang deur die medewerking van 'n paar flukse lesers.**

**Van mnr. S. W. Joubert, Barrydale, het ons vyf intekenare ontvang vir 'n jaar en een intekenaar elk van mnr. J. F. Stemmet, Knysna, mev. A. M. Kreynauw, Beaufort-Wes en „Goedgesinde," Stellenbosch.**

Ons wil ons lesers weer daaraan herinner dat behalwe die belangrike werk wat hulle doen in verband met die propagering van ons ideaal, daar ook drie pryse van heerlike Suidwesbiltong wag vir die drie ywerigste werwers — 'n eerste prys van 15 pond, 'n tweede van 10 en 'n derde van 5 pond biltong wat deur „Suidwester" van Outjo beloof is.

# PARTYSTELSEL BRING IN BRITTANJE STILSTAND

**Mnr. J. G. N. Strauss, Haar Majesteit se Opposisieleier, het verlede week op die Paarl aangedui watter maatreëls van die huidige bewind hy gaan herroep en watter gewysig sal word sodra sy party aan bewind kom. Die wet wat 'n volksregister beoog sal hy geheel en al herroep, terwyl hy die wette op die onderdrukking van kommunisme, burgerskap en aparte woonbuurtes in sekere opsigte sal wysig.**

**Net soos mnr. Strauss het ook Churchill in die dae van sy opposisieskap aangekondig dat hy sekere maatreëls van die Arbeidersbewind gaan herroep en andere sal wysig. Kort voor die verkiesing in Oktober verlede jaar het Churchill se party aangekondig dat een van die eerste dinge wat hy sal doen as hy die meerderheid by die stembus behaal, sou wees om die wet wat die staalbedryf genasionaliseer het, te herroep, en om verskeie ander wette te wysig.**

## *En Ons Betaal Die Prys Daarvoor*

Die Arbeidersparty was net ses jaar aan bewind, toe die parlementêre wiel dermate gedraai het dat die Konserwatiewe Party verlede jaar weer aan bewind gekom het. Die belaglike toestand wat die partystelsel skep, het ons indertyd as volg geskets:

„Vir ses jaar lank het die Arbeiders 'n sekere beleid, waarvoor hulle 'n ‚mandaat' van die ‚volk' in 1945 ontvang het, uitgevoer teen groot onkoste en ontwrigting. **Hulle het nouliks die fondamente daarvan gelê, en nou keer hulle terug na die ‚woestyn' om te sien hoe die volk weer 'n ‚mandaat' aan Churchill se party gee om die hele struktuur wat met soveel inspanning deur hulle aangelê is, weer af te breek en te vervang deur sy eie planne — wat op hul beurt oor vier of ses jaar afgebreek sal word.**

**„'n Land moet onbeperkte bronne van rykdomme besit om solvent te bly in sulke omstandighede. En Brittanje het dit nie. Dit is dan ook een van die redes waarom mnr. Havenga vroeg aanstaande jaar weer na Londen moet gaan om te beraadslaag oor metodes om Brittanje solvent te hou met Statebondshulp."**

### ONDERSKATTING

Bostaande het Die O.B. op 31 Oktober 1951 geskryf. Sedert dien het dit duidelik geword dat ons die afbrekende vermoë van die partystelsel aansienlik onderskat het. Die afgelope paar weke het daar verkiesings plaasgevind in die Britse graafskappe en munisipaliteite. **In albei gevalle het die regeringsparty van Churchill baie swaar verliese gely. Hierdie party, wat maar 'n meerderheid van ongeveer sestien lede in die parlement het, het 'n paar honderd setels teenoor die Arbeidersparty in die twee plaaslike verkiesings verloor — 'n gewisse aanduiding dat hy die pyp by 'n volgende algemene verkiesing, al is dit môre, sal rook** nie. Die parlementêre wiel van Brittanje het dus nie weer vier of ses jaar geneem om sy sirkelgang te voltooi nie, maar blykbaar 'n half jaar! Dit moet net beseël word. Die volk het sy „mandaat" vir die herroeping van die Arbeidersparty se wette so vinnig gewysig dat Churchill nog nie eens geleentheid gehad het om daardie wette te herroep nie. Op die oomblik het hy nog niks gedoen om sy verkiesingsbelofte uit te voer nie, en reeds is die uitspraak van die volk weer teen hom.

### VOER ANDER PARTY SE BELEID UIT

Wat is nou die posisie? Dit: Churchill se party kan nie aangaan met sy eie beleid nie, want hy moet nou rekening hou met die „volkswil" wat na ses maande al weer ten gunste van die Arbeidersbeleid is. **Hy sal dus nou die Arbeidersparty se beleid moet uitvoer, hoewel hy nog 'n „mandaat" het om die Arbeidersparty se wette te herroep!** En dit op sy beurt beteken vir hom gewisse ondergang, want dan is daar, soos Die Burger in sy buitelandse oorsig van 13 Mei tereg opmerk, nie genoeg verskil tussen die twee partye nie en sal die volk waarskynlik verkies dat die Arbeidersparty sy eie beleid self uitvoer.

### ONS BETAAL

Vir die volk van Suid-Afrika is hierdie gebeurtenis in Engeland nie net 'n aanskoulike stawing van die waarheid van genl. Hertzog se woorde in 1942 nie, naamlik: **„Die demokratiese parlementêre party is reeds lankal as deugdelike middel tot bevordering van volkswelvaart uitgedien,"** maar ons het ook regstreeks belang daarby as volk, want ons moet help betaal vir die verdriet. **Ons regering is in die begin van die jaar deur sy minister van finansies in Londen verbind om Brittanje**

(Vervolg op bladsy 4, kolom 1)

# HELE GRONDWET—NIE NET KLOUSULES—MOET VERVANG WORD

**„Die krisis waarin ons nou beland het, moet dit vir ons ten oorvloede duidelik maak dat ons uit ons krisisse nie uitkom nie tensy ons nie net 'n paar verskanste klousules verander nie, maar 'n streep deur die grondwet trek en 'n nuwe republikeinse grondwet opstel wat aan almal reg en geregtigheid verskaf op die grondslae wat deur die Voortrekkers gelê is," skryf prof. S. du Toit, van Potchefstroom, aan Die Burger.**

Prof. Du Toit beklemtoon die noodsaaklikheid om nooit ons ideaal te laat los nie, en skryf verder:

**„Soms voel 'n mens bitter spyt dat ons nie maar altyd ons volle republikeinse program verkondig het nie, insluitende segregasie. In die tyd van die ou Nasionale Party het ons gespreek van segregasie en van voogdyskap van die blanke oor die nie-blanke. Toe is daar nie soveel stof opgeskop nie. Toe het die Verenigde Party selfs saamgehelp om die wet van 1936 deur te loods met 'n tweederde-meerderheid.** Toe die kreet geword het ‚apartheid' en ‚baasskap,' het ons die misnoeë van feitlik die hele wêreld wakker gemaak, terwyl ons intussen meer doen vir die naturel as al die Britse gebiede saam. Toe eenmaal aan sir Godfrey Huggins gevra is wat die verskil is tussen die naturellebeleid van Suid-Rhodesië en dié van die Unie was sy antwoord: ‚Die enigste verskil is dat die Unie baie praat oor sy beleid en ons nie.' As ons maar stilweg ons program van beginsels gepropageer het, sou ons nie aan die imperialiste soveel koring op hul meule gegee het as tans nie."

Ten slotte verklaar die skrywer dat die situasie waarin ons nou beland het, die wind in die imperialiste se seile gestuur het, maar dat almal wat Suid-Afrika lief het agter die regering sal staan, daar ons geen ander keuse het nie.

# Vrystaatse Leier



**Die Ossewabrandwag se ideale is nog nie verwesenlik nie; sy taak is nog nie afgehandel nie; sy stryd is nog nie volstry nie. Vir hom geld nog die vermaning:**

Daar's 'n stryd te stry
Daar's 'n nasie te lei
Dâar's werk.

Aldus skryf mnr. Japie van der Merwe, Gebiedsleier van die Ossewabrandwag in die Vrystaat, in 'n oproep aan alle offisiere en brandwagte in Gebied C. Hy verklaar:

„Die werk wat onmiddellik voorlê is die uitvoering van die Uniale Bevel 1/52 insake reorganisasie. Ek vra alle generaals en kommandante(s) om hierdie bevel noukeurig na te gaan en dadelik uitvoering te gee daaraan, sodat ons Gebiedsraad en die Grootraad en die Laertrek sonder onnodige versuim bymekaargeroep kan word.

„Die sluitingsdatum van die reorganisasie is 30 Junie.

„Alle bevele en kennisgewings aan Vrystaatse offisiere en brandwagte sal voortaan deur my as Gebiedsleier uitgereik word en alle bydraes, gelde en korrespondensie uit Gebied C moet direk aan my, as Gebiedsleier, gestuur word. My adres is: J. F. van der Merwe, Serame, Pk. Kaallaagte. Verslae van reorganisasie-vergaderings en die name en adresse van offisiere wat aangewys word moet sonder vertraging aan my gestuur word.

**„Die Ossewabrandwag verwag dat elke lid sy of haar plig sal doen in hierdie dae wanneer die beweging slaggereed moet wees om die republikeinse stryd van ons volk te stry.**

„Ek maak staat op elke offisier en brandwag in die Vrystaat."

# *Wil Vrede Sluit met Duitsland*

'n Vredesverdrag met Duitsland sal waarskynlik in die volgende paar dae gesluit word sover dit die Westerse moondhede betref. Dit sal die besetting van Wes-Duitsland beëindig en hom die status van 'n vry land gee met deelgenootskap aan die Westerse verdedigingstelsel waartoe hy 12 divisies moet bydra.

Die verdrae sal waarskynlik teen September in werking tree.

DIE O.B., WOENSDAG, 21 MEI 1952

# HOU PROTEKTORATE UIT PARTYPOLITIEK

Te oordeel na dr. Malan se uitlating verlede week in die senaat beskou hy die oordrag van die Britse protektorate nou as 'n dringende saak. Daarmee kan ons saamstem. Vir elkeen wat die ontwikkeling van sake in ons eie en in die buiteland dophou, behoort dit teen hierdie tyd duidelik te wees dat die kanse om die naturellegebiede wat binne en aangrensend van die Unie onder Britse bestuur lê, op 'n vrywillige grondslag in te lyf, by die dag swakker word. Die vyandige houding teen die witman in Suid-Afrika, wat onder stelselmatige aanvuring van die buitelandse en opposiepers steeds hewiger word, maak dit byna onmoontlik vir enige Suid-Afrikaanse regering om maar net die saak aan te roer by die Britse bewind. Enige regering in Brittanje stel hom bloot aan 'n uitbarsting van die kant van sy wan-ingeligte volk indien hy maar net 'n simpatieke oor sou leen aan 'n versoek van die Unie oor dié saak. In die woorde van Stanley Baldwin (in verband met Britse bewapening indertyd gebesig) kan vandag deur 'n Britse eerste minister tereg gesê word dat „ek aan niks kan dink wat die verlies van 'n verkiesing vanuit my oogpunt beskou, gewisser kan maak nie." **In sulke omstandighede handel dr. Malan wyslik as hy middele oorweeg om te verhoed dat hierdie saak in die Britse partypolitiek beland, en daar kan maar net gehoop word dat sy metode van 'n versoekskrif aan die Geheime Raad wel waterdig sal blyk te wees.**

## TOG IN EIE PARTYPOLITIEK?

**Minder wyslik is egter dr. Malan se aankondiging om hierdie saak wat hy graag uit die Britse partypolitiek wil hou, in die Suid-Afrikaanse partypolitiek te dompel, waar dit nog nooit tevore was nie. Ten opsigte van die protektorate het daar nog nooit enige beginselverskil tussen die partye in ons land bestaan nie. Leiers van die Verenigde Party, en voor hom die Suid-Afrikaanse Party, het hulle almal in die rigting van oorhandiging beywer. Dit op sigself behoort vir die Britse regering en publiek 'n veel sterker aanduiding van die eensgesindheid van Suid-Afrika se volkswil te wees as wat enige verkiesing kan demonstreer, en dr. Malan moes eenvoudig volstaan het met die publikasie van sy voorgenome witboek oor die onderhandelings van die afgelope veertig jaar, sonder om 'n uitspraak van die volk te vra by 'n algemene verkiesing wat uit die aard van die saak ook nog sal gaan oor 'n veelheid ander strydpunte soos deur die onderskeie partyprogramme verteenwoordig.**

Dit is tog immers ondenkbaar om te verwag dat die Verenigde Party as amptelike opposisieparty die geleentheid om aan bewind te kom vir vyf jaar sal uitstel net ter wille van die oordrag van die protektorate.

**Want alleen indien die Verenigde Party nie 'n eie beleid ten opsigte van ander dinge teenoor dié van die Nasionale Party gaan stel nie — sodat net die een enkele vraag van die protektorate voor die kiesers gelê word — kan die volk in 'n posisie wees om daaroor 'n afdoende uitspraak te gee.** En dit behoort dr. Malan tog seker beter te besef as enigiemand anders.

## PARTYMUNT?

Die feit dat hy tog voornemens is om die saak so te hanteer, kan slegs op een ding dui, en dit is dat dit dr. Malan nie soseer gaan om die uitdrukking van die volkswil ten opsigte van die protektorate nie as om die uitdrukking van die Verenigde Party uit die verkiesingsarena, en dat hy aan niks doeltreffender vir dié doel kan dink as om 'n verkiesing teen die Verenigde Party te hou oor 'n saak wat so geheel die eensgesindheid van die volk wegdra dat selfs die Verenigde Party dit nie anders as onder dwang van sy opposisieskap sal moet teenstaan nie.

Dit mag oulike partypolitiek wees, maar daar steek geen greintjie staatsmanskap in nie, **want waar die Suid-Afrikaanse volkswil tans nog as 'n eenheid op grond van eenparige partybeleid voorgehou sal kan word, sal dit ná die verkiesing voor die hele wêreld in flenters lê, en sal Londen op sy gemak koppe kan tel — en ons moet onthou dat die Nasionale Party ondanks sy seteloorwinning verlede keer nog 200,000 stemme minder as sy teenstanders gehad het. En hoeveel van daardie 600,000 kiesers wat ter wille van party- of ander oorwegings teen dr. Malan gestem het, stem in hul harte nie ook maar saam met sy segregasiebeleid nie? Sekerlik die meerderheid in Natal.**

'n Verdeelde verkiesingsuitslag — en dit nogal kunsmatig — sal 'n geweldige terugslag vir die saak van die protektorate wees. **Laat dr. Malan liewer teen diegene veg wat uit oortuiging teen die oordrag van die protektorate is — naamlik daardie Britse politici wat weier om hul beloftes na te kom; en as hy hulle van ons volkswil móét oortuig, maak gebruik van 'n referendum en nie van 'n algemene verkiesing nie. Eintlik moes die oordrag van die protektorate afgehandel gewees het voordat Suid-Afrika enige oorlogsverpligting aanvaar het. Die tydstip om daaroor te onderhandel, was toe daar deur Brittanje oor Suid-Afrika se bydrae in Noord-Afrika en die Midde-Ooste onderhandel is.**

# Van die Os op die Esel

### *Op soek na 'n „Plank"?*

Die aankondiging van dr. Malan weer ewe skielik verlede week dat die oordrag van die Britse Protektorate 'n verkiesingstwispunt aanstaande jaar sal wees, kan ek nie anders vertolk as dat die Nasionale Partyleiding die wind van voor begin kry in verband met sy verset teen die Appèlhof-uitspraak nie. Uit gesprekke met mense wat vir hulleself dink was dit duidelik dat 'n groot aantal ondersteuners van die Nasionale Party nie te gelukkig gevoel het oor die wyse waarop die regering die Appèlhof probeer oortroef nie. Soos verlede week in Die O.B. aangestip, is dit duidelik dat hierdie afkeuring ook uiting gevind het in briewe aan die regeringspers, waar hulle egter deur die redakteurs voorgekeer is. Nietemin moes dit vir die regering 'n aanduiding gewees het dat sy eie volgelinge nie so eenparig en met geesdrif gaande sal raak oor so 'n verkiesingstrydvraag nie. As dit die geval was by getroue ondersteuners, nog veel minder sou hierdie twispunt die onafhanklike mening na die N.P.-stembus laat stroom het. Heelparty Afrikaanse advokate en prokureurs wat nie tot die geledere van die Verenigde Party behoort nie, het trouens bedenkinge geopper teen die stap van die regering wat volgens hul mening 'n neerhaling van die onafhanklike status van die Suid-Afrikaanse regbank is.

### *Adv. Broeksma*

Een van die skerpste reaksies uit hierdie kringe het gekom van adv. A. H. Broeksma, wat so juis deur die regering as waarnemende regter benoem is. Hy het die benoeming egter van die hand gewys en as rede daarvoor aangevoer die regering se optrede teen die Appèlhof. Adv. Broeksma verklaar dat hy aan geen politieke party of politieke organisasie behoort nie, maar dat hy oortuig is dat die oorgrote meerderheid regsgeleerdes saamstem dat die regstrydvrae in verband met die saak niks te doen het met die soewereine status van die Unie nie, en hulle vereenselwig met die Appèlregters se uitspraak. Hy meen dat elke verantwoordelike burger daarvoor voel dat fundamentele sake soos stemreg en erkenning van die twee amptelike tale onderhewig aan 'n gedissiplineerde en gerigte volkswil moet wees wat hom moet uit in ooreenstemming met die metode wat deur die verskanste klousules bepaal word. Die enigste waarborg vir die onkreukbaarheid van die howe is die onbesproke opregtheid van die regters, waarvoor ons regbank beroemd is. Sabotasie van die agting vir ons regbank werp 'n swaar verantwoording op diegene wat dit doen. Aldus adv. Broeksma.

### *Sal dit los*

Pleidooie van onafhanklike burgers soos dié van adv. Broeksma en ander regsgeleerdes en denkendes sal nie verhoed dat die regering van sy wetgewing vir die instelling van 'n parlementêre hof sal afsien nie. Hierdie hof moet eers sorg dat die regering sy doel om die Kleurlinge op afsonderlike kieserslyste te plaas, bereik. Maar wat dit wel ten gevolge het is dat hierdie strydvraag deur die Nasionale Party gelos sal word vir verkiesingsdoeleindes. En dit is in dié lig dat ek dr. Malan se aankondiging in verband met die Protektorate sien. Teenoor die opposisie-party se verkiesingskreet van „skending van die konstitusie" en „ondermyning van die regbank" sal dr. Malan nou 'n beroep op die volk doen om hom 'n mandaat te gee vir onderhandeling oor die oordrag van die Protektorate.

### *'n Slim Set*

Die taktiek om van die Protektorate 'n verkiesingsaak te maak was opsigself genome so oulik as wat dit oorspronklik was. Ek twyfel of buite dr. Malan iemand anders aan hierdie slim plan sou gedink het as 'n set om die opposisie in die hoek te jaag. Die Verenigde Party voel oor die saak in beginsel net soos die Nasionale Party. Trouens, die Verenigde Party het in 1939 veel verder as enige ander party voor of ná hom gegaan om te onderhandel vir die oordrag van die Protektorate. Maar deur dat hy nou in opposisie is, sal hierdie party dr. Malan nie kan steun nie. Hy sal besware moet maak, al sou hierdie besware nie oor die beginsel gaan nie. Hy sal moet sê die tyd is nie ryp nie of dat die V.P. beter in staat is om te onderhandel weens die vooroordeel teen dr. Malan in die buiteland, ens. Met ander woorde, die V.P. sal stelling moet inneem teen iets waaroor die volk oor die algemeen nie net saamvoel nie, maar wat dié party op grond van sy verlede in beginsel ook nie kan veroordeel nie. Dit sou ongetwyfeld 'n ongelyke stryd afgegee het.

### *Posisie verander*

Ek meen egter dat die posisie nou heelwat verander het. Die V.P. het 'n kreet waarmee hy stemme kan trek. Die ontworteling van die verskanste klousules deur die regering bied hom die vreesaanjagende „plank" dat die Engelse se taalregte in gevaar is; en teen vrees is logika en selfs begeerte nie opgewasse nie.

Verder het die V.P. nog heelwat te put uit daardie onafhanklike kringe wat die Nasionale Party simpatiek gesind was sover dit sy algemene beleid veral ten opsigte van kleurverhoudings betref, maar wat nou ontstig voel oor wat hulle as 'n lostorringing van die bestaande orde beskou. Ek twyfel dus of dr. Malan in hierdie stryd veel steun vir die Protektorate sal kan werf uit die vlottende stemme. Hy sal hoofsaaklik aangewese wees op die „rotsvas-ondersteuners" van sy party.

### *Kan terugslaan*

In hierdie omstandighede mag die set om van die Protektorate 'n verkiesingstwispunt te maak selfs vir dr. Malan 'n gevaar word. Die opposisie kan eenvoudig weier om daaroor te veg deur aan te kondig dat hulle enige onderhandeling in verband met die oordrag sal steun, ongeag wat die verkiesingsuitspraak — wat eintlik oor die verskanste klousules gaan — sal wees. Dit sou dr. Malan nogal in 'n belaglike lig stel, maar ek twyfel of die Verenigde Party so ver sal gaan om steun aan die regering ten opsigte van die Protektorate te beloof, en dr. Malan moet seker ook taamlik seker wees dat opposisieskap hier die deurslag sal gee, anders sou hy nie sommer so maklik op 'n oop slagyster trap nie. Daarvoor is hy 'n te uitgeslape politikus.

In ieder geval kan ek nie die indruk verdryf nie dat die regeringsparty nog op soek is na 'n geskikte verkiesingsplank en dat hy dié wat reeds opgeduik het, nie te onbesproke ag nie.

### *Referendum*

Ek merk dat Die Burger self versigtig is vir die idee om van die Protektorate 'n partysaak te maak. Die blad meen dat dit nie noodwendig hoef te gebeur nie. Aan alle kandidate moet net gevra word of hulle ten gunste van oordrag sal stem. Dit klink goed op papier, maar soiets kan alleen in 'n partystellose staat gebeur waar 'n volksverteenwoordiger slegs deur sy kiesers se opdrag of sy gewete gebonde is. In ons huidige staat met sy Britse partystelsel beteken 'n kandidaat se woord absoluut niks as dit in stryd met die beleid van sy partykoukus is nie. En tensy die Verenigde Party-leiding self sy steun aan 'n bepaalde regeringsoptrede belowe, is die verkeksering van V.P.-kandidate van nul en gener waarde. Wie sal aan hulle die vraag stel — die V.P.-taksvoorsitter of die N.P.-organiseerder? En as dit laasgenoemde is, wat in dieselfde asem ook moet vra waarom die V.P. „kommuniste beskerm," „die kleurskeidslyn wil ophef" of „die Afrikaanse kind in 'n Engelse skool wil sit," wat sal die gees van sy antwoord wees?

Dit is tog immers onmoontlik in die partypolitiek vir die volk om gelyktydig met net een kruisie 'n uitspraak te gee tussen teenoormekaar-gestelde party-programme en 'n saak waaroor almal eenders voel.

As dr. Malan heeltemal opreg is in sy begeerte om die volkswil ten opsigte van die Protektorate tot uiting te bring, sou dit bes kan doen deur gelyktydig met die verkiesing 'n referendum te hou en die kiesers in die geleentheid stel om twee kruisies te trek — een vir hul kandidaat en een vir of teen oordrag van die Protektorate, en dan wel net oor die **beginsel** en nie oor 'n bepaalde metode nie waarvan die V.P. as „amptelike opposisie" natuurlik sal moet verskil.

## Wêreld word Regeer deur Ou Manne

Dit is eienaardig dat waar besigheidsondernemings — en ook die staatsdiens — sorgvuldig verhoed dat die leiding in die hande van ou manne bly, deur 'n aftredingsgrens ten opsigte van ouderdom vas te stel, die wêreld oor die algemeen vandag deur stokou manne regeer word.

Winston Churchill, Britse eerste minister, is 78, Josef Stalin, diktator van Rusland, is 72, pres. Truman van die Verenigde State is 68, St. Laurent, eerste minister van Kanada, is 70, dr. Adenauer, eerste minister van Wes-Duitsland, is 76, De Gasperi, eerste minister van Italië, is 71, dr. Malan, eerste minister van Suid-Afrika, is 78, sy moontlike opvolger, mnr. N. C. Havenga, is 70, koning Ibn Saud (Saud-Arabië), is 72, dr. Mossadeq, eerste minister van Persië, is 72, Nahas Pasha, leier van die Wafdiste in Egipte, is 75 en die onlangs afgetrede eerste minister, Maher Pasha, is 70.

Van een ding kan die wêreld seker wees en dit is dat dit nie grootpyne is waaraan hy ly nie.

# WAT ONS BOERE NIE WEET NIE

**Mnr. Gerard van Rooy, Johannesburg, skryf:**

Die vleisposisie aan die Rand — die grootste afsetgebied in die land vir ons skaapboere, beesboere en varkboere — behoort so effens toegelig te word. Blykbaar is sekere aspekte van die vleishandel vir ons boere, en dan veral ons skaapboere, nie so goed bekend nie.

Dit is bekend dat die pryse van skaapvleis tot begin November verlede jaar gekontroleer was. Die skaapboer het toe gemiddeld 2/6 per pond vir skaapvleis ontvang en in Johannesburg was die minimumprys vir skaapvleis toe vasgestel op 1/2 per pond, terwyl dit vir plus-minus 3/- per pond verkoop is. Dit het tevredenheid besorg aan beide produsent en verbruiker en aan die middelman 'n goeie en ordentlike winsgrens toegelaat.

Skaapvleis was in dié tyd wel nie volop nie, maar verbruikers kon nogtans elke week die sekere gewone familie-hoeveelheid verkry.

Die wegbly van die reën in die vroeë lente verlede jaar wat later in 'n nypende droogte in die grootste skaapproduserende gedeeltes van ons land ontwikkel het, het die boere gedwing om aan hulle veestapel af te bou. Dit moet onthou word dat hierdie vee ten duurste deur boere in die mooi 1949-1950-seisoen aangekoop is. As die staat toe die middele tot sy beskikking knaphandig verder gebruik het, sou die boer na die begin van November 1951 nog 'n goeie prys vir sy skaap gekry het en dit nie teen geforseerde weggee-pryse van die hand gesit het nie.

Die wegname van die kontrolering van skaapvleis en die verkoopstelsel aan die haak het die boer weer uitgelewer aan die „ringvorming" van Newtown se spekulante. Is dit vir die boere duidelik dat toe hulle in die knyp gesit het, en hulle vee agteruitgegaan het en duur pryse vir voer moes betaal word, die staat daartoe oorgegaan het om hul genadeloos aan die spekulant uit te lewer? Weet ons boere, dat waar hul andersins met 'n goeie kontrole 2/6 per lb. karkasgewig kon gekry het, hulle vandag met 1/3, 1/- en selfs 9d. moet tevrede wees? Die staat het natuurlik beoog dat die verbruiker, m.a.w. die stedeling, ook sou voordeel trek deur die mark oop te gooi, maar dit is juis hier waar die Departement van Landbou sy groot flater ontdek het, want die stedeling betaal nog steeds 3/- per pond vleis. Nadat 'n boer 'n hamel vyf jaar op sy plaas gehad het, en versorg het, kom die middelman en maak in 24 uur presies net soveel as wat die boer in die vyf jaar se tyd op die hamel maak, en dikwels nog meer. Weet die Departement hiervan? Weet die boerende bevolking hiervan, en indien wel, wat gaan hul doen daaromtrent?

Ons moet egter volstaan by die feit dat toe die skaapboer in die grootste krisis gestaan het, is hy deur die Departement van Landbou in die steek gelaat. Wat skuil hier agter? Het dit iets te doen met die vryery na die stedeling se stem, want toe was die soek na die Engelse stemme feitlik 'n manie. Dan was die beleid van die Departement weer in ooreenstemming met sy vorige maatreëls, nl. 'n skitterende prestasie op die gebied van kortsigtigheid, want in Johannesburg betaal mense nog net dieselfde vir skaapvleis. Of het die donker hand van Pimstraat, weer daarin geslaag om maar weer 'n partyregering om die vinger te draai ten koste van die voedselproduseerders in ons land?


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### GEBOORTE

VILJOEN. — Aan Anton en Micha Viljoen (née Ferguson) 'n fris seun op 27 April te Johannesburg. 21/5/1B

**1652 — VAN RIEBEECK-FEES — 1952**

**LEERWERK:** Bybelomslag plus boekmerk — 10/-; Gesangboekomslag — 7/-. Alles van egte swart leer met die Van Riebeeck-standbeeld, Voortrekkermonument pragtig daarop geëndosseer. **Aflewering einde Mei. Bestel nou!! K.M.B., J. Stemmet, „AO," Posbus 103, Knysna.** 14/5/2B

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER**, die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49


## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

## WAARDERING

**Mnr. D. S. Roos, Burgersfort, skryf:**

Ek sien in Die O.B. 'n brief van mnr. Herman Luitingh en dit verheug my om te sien dat daar nog meer mense is wat voel soos ek. Ou Barbarossa moet maar die stringe styf hou daar in Pretoria.

Verder wens ek Die O.B. te bedank vir sy suiwer republikeinse Boerisme. Net jammer die koerantjie is so klein.

## *S.A. is Minder Nasionaal as Skotte*

Bittere ontevredenheid bestaan in Skotland oor die benaming van die nuwe Britse koningin as Elizabeth II, aangesien dit voorgee dat die Engelse koningin Elizabeth I ook koningin van Skotland was terwyl Skotland sy eie koningin indertyd in die persoon van koningin Mary gehad het. Die Skotse Nasionale Party het 'n besluit geneem om „alle moontlike stappe te doen" om die nuwe koningin in te lig in verband met konstitusionele aangeleenthede.

Die Skotte se posisie is baie moeiliker as dié van Suid-Afrika, aangesien hulle nie eens papier-vryheid besit nie. Nogtans probeer hul Nasionale Party alles in sy vermoë om vernederende aspekte van die nuwe koningin se titel verwyder te kry. Toe die Nasionale Party van Suid-Afrika in 1937 in opposisie was, het ook hy beswaar gemaak teen die betiteling van koning Eduard as die agtste vors van Suid-Afrika. Daar is toe met reg daarop gewys dat hy Suid-Afrika se eerste Eduard is. Nou is dit hierdie party wat prinses Elizabeth tot „Elizabeth II van Suid-Afrika" uitgeroep het en daarmee die ondeelbaarheid van die Britse kroon onderskryf het.

## *Tien Jaar Gelede*

## HOEKSTEEN VAN DIE VOLK

Op 20 Mei 1942 het Die O.B. as volg geskryf oor die betekenis van die gesin:

„Die gesin is die volk in klein formaat. Die wese en aard van die volk is vervat in die wese en aard van die gesin. Die volk is wat die gesin is. As die gesin sterf, sterf die volk, en as die gesin hongerly ly die volk honger. As die gesin verdeel is, is die volk verdeel en as die gesin geestelik siek is, is die volk geestelik siek.

„Die Ossewabrandwag baseer sy volksbeleid op die selfstandige, gesonde en gelukkige voortbestaan van die Afrikaanse gesin. Daarom sal die Ossewabrandwag hom byvoorbeeld beywer om die laste van die groot gesin te verlig en sodoende te voorkom dat 'n gesin stoflik of geestelik ondervoed word omdat hy 'n ruimer deel tot die volksbou bygedra het."

## SONDER BYBEL

Vervreemding van die Bybel op so 'n skaal dat baie Britte nie meer 'n Bybel in die huis het nie of dit net aanhou vir die oplossing van blokkiesraaisels, was die klag van die aartsbiskop van York op die jaarlikse vergadering van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in Londen verlede week.

Dr. Garbett het gesê dat dit noodsaaklik geword het dat die Britte hul Bybel meer moet lees. Eenvoudige aanhalings uit die Bybel ken baie nie meer nie en hulle dink dit is aanhalings uit Shakespeare.

# *BESKERM VERHOUDING VAN GROEPE DEUR IMMIGRASIE*

**Die Suid-Rhodesiese diskriminasiebeleid teen Suid-Afrikaanse immigrante skyn heeltemal in sy doel te slaag. Van die immigrante wat in die eerste drie maande van die jaar na Rhodesië gegaan het, is 25 persent minder Suid-Afrikaners as in dieselfde tydperk verlede jaar.**

Daarteenoor het die verhouding Britse immigrante van 39 tot 59 persent gestyg. **Daar was 650 meer Britse onderdane wat die gebied binnegekom het as die vorige jaar, terwyl die aantal Unie-burgers se getalle met 1,259 gedaal het.**

Die Suid-Rhodesiese regering doen blykbaar sy bes om die verhouding van die twee blanke groepe vas te pen. **Dit is jammer dat Suid-Afrika nie dieselfde beleid volg nie. Daar behoort nie meer Britte in verhouding tot immigrante uit die Afrikaanse stamlande toegelaat te word as wat die Engelssprekendes se verhouding hier regverdig nie. Dit word egter nie gedoen nie. Daar kom nog steeds ver meer Britte ons land binne as mense van ons stamlande. Hollanders ondervind die grootste moeilikheid om uit te kom en stroom in hul tienduisendtalle na Kanada, 'n Britse dominium wat in die jongste jare soveel immigrante uit ons stamlande binnegelaat het, dat die Britse immigrante in 1950 gedaal het na slegs 18 persent van die totale immigrasie-syfer.**

## Geslaagde Tee-aand

Daar was 'n uitstekende opkoms by die tee-aand wat op 2 Mei by mev. M. Kilian van Tiervlei, gehou was. 'n Bedrag van £2/15/- kon gestort word ten behoewe van ons blad se fondse.

Die volgende tee-aand word op Vrydag, 6 Junie, by mev. M. E. Tredoux, Duncanstraat 19, Tiervlei, gehou.

## Wil Kroning ook in S.A. hê

Die Londense Sunday Express het aan die hand gedoen dat die Britse koningin in elke dominium afsonderlik gekroon moet word. Die blad betoog dat die krag van die Britse ras voorheen in Brittanje gesetel het, maar dit is duidelik dat die toekoms op die ryk gebou moet word, en daarom sal dit nuttig wees om die kronings ook daar te laat plaasvind.

## Engels Vervang Hollands

Terwyl die Engelse pers en party-woordvoerders in Suid-Afrika die bewerasie het oor die toekoms van Engels in ons land, word uit Indonesië berig dat die Indonesiese jeug Engels bo Hollands verkies as voertaal in die skole en universiteite.

Die Hollanders het blykbaar 'n kolonie armer geword en die Engelse 'n taal-afsetgebied ryker.

## *Kan Pyn 10 Dae lank Weg hou*

'n Nuwe verdowingsmiddel wat pyn vir meer as tien dae kan stil, is deur geneeshere in Amerika op die proef gestel. Dit is aangewend in die geval van operasies waar dit ingespuit is in die omgewing van die wond of in die hoofsenuwees in die buurt daarvan. Die pasiënte was vir minstens tien dae geheel en al sonder pyn. Sommige was nouliks bewus dat hulle 'n operasie ondergaan het.




Sole Representatives: African Sales Co (Pty) Ltd
P.O. Box 7261, Johannesburg

**Beter Tabak * maak Beter Sigarette**



**Kommando**

**Suid-Afrika se *gewildste* sigaret**

*✱ Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.*

G1-3078

# NASIONALE GRIEKELAND DRAAI RUG OP ENGELAND

**Toe in die somer van 1951 maarskalk Papagos met koning Paul oorhoop geraak het omdat die koning en koningin te veel onder die invloed van Engeland is, het die Amerikaners gedink dat die tyd aangebreek het om die Engelse in Griekeland af te los en die land deur middel van geldelike hulp tot 'n vasalstaat van Amerika te maak. Dat hierdie voorneme nog nie 'n werklikheid geword het nie, moet slegs toegeskryf word aan die feit dat daar vandag drie instansies in Amerika is wat die buitelandse beleid moet skep (die president, die departement van buitelandse sake en die Pentagon).**

Die Amerikaanse gesant, John Peuryfy, wat 'n verteenwoordiger is van die kommunisties-verpeste departement van buitelandse sake, het op onbeholpe wyse probeer inmeng met die binnelandse aangeleenthede van Griekeland. Hy het op 'n perskonferensie die Griekse kieswette gekritiseer en terselfdertyd aan die Griekse politici te kenne gegee dat die Amerikaanse geld nie vir swak regerings bedoel is nie wat dit dalk

**Deur Ski**

nie vir die regte doel sal aanwend nie. Voortgaande het hy verklaar — en dit was die doel van sy aanval — dat genl. Plastiras, die huidige eerste minister, die enigste man is wat volk en staat uit die teenswoordige moeilikheid kan red.

Na die vrypostige verklaring van Peuryfy het 'n storm van verontwaardiging teen die Amerikaanse gesant losgebars in die hele Griekse pers, wat eenparig aan die Amerikaners te verstaan gegee het dat hoewel iemand 'n vreemde land met geld mag help, hy daardeur nie die reg verkry om hom outomaties as die veroweraar van daardie land te beskou nie.

Die Amerikaanse departement van buitelandse sake het Peuryfy nie van sy amp onthef nie—wat in so 'n geval die juiste optrede sou gewees het — maar hom beskerm. Dit moet toegeskryf word aan die feit dat genl. Plastiras 'n Marxis en 'n vriend van die kommunisme is, wat die kommunisties-deurweekte departement baie goed pas.

### BESWARE

Die Griekse koerant, Ethnikos Kiryx, mondstuk van die radikaal-nasionale vleuel, het in verband hiermee onder meer verklaar dat generaal Plastikas 'n Marxis is, dat hy sy plek as opperbevelhebber van die Griekse leër in die verskriklike veldslae van Ala Gheler en Kasaba in die steek gelaat het op 'n oomblik toe die nederlaag van die Griekse leër nog nie 'n voldonge feit was nie; dat hy in dieselfde jaar ses politici tereggestel het wat teen hom gekant was; dat hy in 1933 deur middel van 'n revolusie aan bewind probeer kom het; dat hy deur die ooreenkoms van Varkissa dit vir die kommuniste moontlik gemaak het om later met die oorlog voort te gaan, en dat hy in 1951 met die kommuniste saamgewerk het in die munisipale verkiesings teen die burgerlikes.

Die beleid van genl. Plastiras word deur koning Paul en koningin Frederika gesteun, wat op hul beurt onder die invloed van die Britse vriendskapsbeleid teenoor die kommunisme staan.

### PAPAGOS

Toe die koningin die vrylating van alle kommuniste versoek het, was dit vir genl. Papagos te veel en hy het sy ontslag as opperbevelhebber van die Griekse leër gevra. Toe dit bekend word, het die Griekse leër voorbereidsels getref vir 'n staatsgreep, maar Papagos het dit teengestaan omdat hy langs wettige wyse aan bewind wou kom. Maarskalk Papagos is 'n generaal van wêreldbekendheid. In 1940-'41 het hy die drie maal sterkere Italiaanse leër wat Griekeland uit Albanië binnegeval het, so gedug verslaan dat hulle in aller yl die rieme neergelê het. Sy gewildheid het gestyg toe hy in 1949 opperbevelhebber word en die burgeroorlog binne drie maande suksesvol beëindig. Nadat hy in 1951 bedank het, het hy die Helleense Eenheidsbeweging gestig op nasionale grondslag. Twee maande later is sy party so sterk dat hy by die verkiesing van 9 September 114 setels uit 258 verower. Sy party is vandag die sterkste, maar hy weier samewerking en wag vir die dag wanneer hy alleen sal kan regeer.

### BRITSE POGINGS

Die Engelse probeer met alle mag om 'n versoening tussen Papagos en koning Paul te bewerkstellig aangesien hulle weet dat sodra Papagos aan bewind kom, dit klaarpraat met hul invloed in Griekeland is, en dit sal Engeland se Middellandse See-politiek nadelig tref. Bewus van die toedrag van sake het die Amerikaanse Pentagon (Amerikaanse ministerie van verdediging) die inisiatief in sy hande geneem. Genl. Eisenhower was onlangs in Griekeland en het nog voordat hy met die koning gepraat het, 'n samespreking met maarskalk Papagos gehad oor politieke en militêre aangeleenthede. Papagos het daarin geslaag om te verseker dat die Griekse leër nie onder die bevel van die Italiaanse generaal Castiglioni sal staan nie, maar onder die Amerikaanse admiraal Carney, bevelvoerder van die V.S.A.-vloot in Suid-Europese waters.

### BAIE GEWILD

Toe dit bekend word, was dit vir die Griekse 'n groot vreugde en Eisenhower het hierdeur met een stap veel meer uitgerig as die Amerikaanse departement van buitelandse sake in al die

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kol.)

jare. Maarskalk Papagos geniet nie alleen die vertroue van die Griekse volk nie, maar ook dié van die nasionale Amerika. My inligting uit goed ingeligte kringe in Athene is dat as die Griekse volk voor die keuse van koning of Papagos gestel moet word, laasgenoemde 'n groot oorwinning sal behaal. Ook in dié opsig het Griekeland die volle simpatie van Amerika — en Suid-Afrika.

## PARTYSTELSEL

(Vervolg van bladsy 1, kolom 4)

**ekonomies te onderskraag, en min. Havenga het reeds die volk gemaan tot opofferings in belang van Brittanje se krisis. Die Britse volk is geensins van plan om tot selfredding oor te gaan nie. Hy boer voort met sy partystelsel waar die een party 'n beroep op die volk se luiheid doen en die ander daardie luimansbeleid onder protes uitvoer. Suid-Afrika sal in harde goud vir hierdie „ondeugdelike" stelsel van die Britte moet betaal.** Sy eerste paaiement is reeds per vliegtuig in die vorm van goud 'n maand of wat gelede gestuur, en die ander maatreëls, het mnr. Havenga gesê, sal hy binnekort aankondig.

### PROTEKTORATE

Dit is nie die enigste wyse waarop ons volk vir die dwase Britse stelsel betaal nie. **Suid-Afrika het die Britse Protektorate nodig vir die uitvoering van 'n segregasie-beleid — die enigste alternatief vir blanke ondergang. Maar ons eerste minister het reeds aangekondig dat hy nie oor die oordrag van die Protektorate kan onderhandel nie weens die partypolitieke onstabiliteit van Brittanje.** In die eerste paar jaar van die Nasionale Party se bewind kon dr. Malan nie met die Attlee-regering onderhandel nie, so verklaar hy, omdat dit duidelik was dat hierdie party 'n volgende verkiesing gaan verloor, en as hierdie party hom ten gunste van oorhandiging uitspreek, dan moet die ander party hom weer daarteen uitspreek en as laasgenoemde dan aan bewind kom, maak hy die onderhandelinge weer ongedaan. Nou het die verkiesing gekom en dr. Malan was reg in sy verwagting: Attlee se party is „woestyn" toe, en Churchill regeer. **Nou egter was dr. Malan weer verplig om aan te kondig dat hy nog nie kan onderhandel nie, want die tekens dui daarop dat Churchill die volgende verkiesing gaan verloor!**

### „GERINGE" VERSKIL

**En per slot van sake is die partye se beleid so min verskillend dat Die Burger in verband daarmee opmerk: „As hulle (Churchill se party) van die denasionalisasieplan afsien, sou die verskil tussen hul beleid en dié van die Arbeidersparty nog geringer word. Dit is al klaar bra gering . . . "**

**Maar die stelsel eis vir Haar Majesteit 'n opposisie — en in Suid-Afrika betaal ons die leier van die opposisie nog 'n ministersalaris om sy afbrekende werk te doen — en daarom MOET die opposisie daar wees ondanks „geringe" verskille. Intussen kan die land maar agteruit gaan en kan ander regerings se dringende onderhandelings uitstaan, solank die stelsel net „werk."**

## Federasieplan in Midde-Afrika

Oor die skepping van 'n groot Midde-Afrikaanse federasie uit die twee Rhodesiës en Niassaland is deur 'n onlangse gehoue konferensie in Londen dermate ooreengekom dat voorbereidende werk vir die stap nou gedoen word.

Die federale gesag sal berus by 'n raad van 35 lede van wie 26 gekies sal word deur alle kiesers van alle rasse op 'n gemeenskaplike kieserslys. Die ander nege lede sal Naturelleverteenwoordigers wees. Twee word deur die Naturelle uit elke gebied gekies, en een verteenwoordiger van Naturellebelange benoem uit elk van die gebiede.

# Optrede Teen Kommuniste

**Die regering het verlede week die eerste drastiese optrede teen verklaarde kommuniste begin toe 'n aantal persone in kennis gestel is om uit organisasies te bedank en hulle tot bepaalde gebiede te beperk. Hierdie magte word uitgeoefen kragtens die wet op onderdrukking van kommunisme wat verlede jaar aangeneem is.**

Een van die eerste persone wat kennis ontvang het is 'n naturel, Johnson Ngwela, wat as tolk vir mnr. Sam Kahn, Naturelleverteenwoordiger in die parlement, optree. Saam met hom het ook dr. Y. M. Dadoo, 'n Indiërleier, en verskeie ander naturelle kennisgewings ontvang. Hulle word beveel om binne dertig dae te bedank uit sekere organisasies en om vir 'n tydperk van twee jaar geen vergadering by te woon behalwe van godsdienstige, maatskaplike of ontspanningsaard. Elkeen word vir dieselfde tydperk aangesê om binne sy provinsie van inwoning te bly.

### VAKBONDE

In die parlement het mnr. B. J. Schoeman, minister van arbeid, gesê dat daar ook teen die kommuniste in vakbonde opgetree sal word. **Hy het gesê dat meer as die helfte van die bestuurslede van die Vakverbond kommuniste is, hoewel almal nog nie „genoem" is nie.**

Blykbaar beskou die Verenigde Party dit ook as sy opposisie-taak om teen hierdie beskermende maatreëls van die regering stelling in te neem. Volgens die Cape Times het een V.P.-man gesê dat daar maar ongeveer vyfhonderd kommuniste in die land is en dat hulle onbeduidend is in vergelyking met die 12,000,000 inwoners van die land.

Die kommuniste het nog nêrens in die wêreld 'n meerderheid gehad nie, selfs nie in Rusland nie. Dit is gewoonlik 'n klein gedissiplineerde kliek wat deur strategiese insypeling 'n beheer in 'n land verkry wat ver buite verhouding tot hul getalsterkte is. Hulle sterkste houvas is gewoonlik op die vakbonde waar hulle arbeidsgriewe uitbuit vir bevordering van hul politieke oogmerke. Dit was dus hoog tyd dat die regering hierdie kliek in bande moes lê, en veral is dit nodig dat die vakbonde van hul invloed gesuiwer word. Dit is daarom te hope dat optrede in verband met vakbonde nie net by debatte in die parlement sal bly nie.

## Vra Ou Nommers van Blad

Mnr. J. Stemmet, Posbus 103, Knysna, vra of lesers wat Die O.B. van 30 April klaar gelees het nie so vriendelik sal wees om dit aan hom te stuur sodat hy dit aan behoeftige vriende in sy omgewing kan uitdeel nie. Hy sal ook graag die uitgawes 16 en 23 April vir dié doel wil ontvang en alle toekomstige uitgawes.

„Onthou, daardeur dien u ook u volk," lui sy versoek.

## POS DIT AAN 'N VRIEND

**„Vra u lesers om elke week hul geleesde O.B.-blad aan 'n vriend te pos. Ek gaan dit met myne doen, en sodoende kry ek miskien nog 'n dertig lesers per jaar," skryf mnr. M. C. Joubert, Pk. Rayton, Transvaal, een van ons nuwe intekenare.**

**Miskien sal ons ouer lesers hierdie aanbeveling en voorbeeld van 'n nuwe mede-stryder met geesdrif navolg. Die dade met die meeste vrug is dikwels die mins skouspelagtige. Hier is ook geleentheid om iets te DOEN.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad

SANLAM

DIE STEMPEL VAN UITKOMS WANT BY

SANLAM

IS UITKOMS VIR ELKEEN

Dit is in tyd van nood dat 'n mens na jou eie mense soek . . .

Dit is in tyd van nood dat 'n mens jou eie mense vind – by Sanlam

Maak voorsorg vir uitkoms by SANLAM

★

O.B.
VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

Vir

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

Besoek ons wanneer u in Kaapstad is

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*